Uittrede van regter-president CF Eloff

Regter C F Eloff het op 31 Desember 1998 na 'n dienstydperk van 25 jaar as regter – waarvan bykans agt jaar as regter-president van die Transvaalse Provinsiale Afdeling – uitgetree.

Christoffel Frederik Eloff is op 31 Junie 1925 te Pretoria gebore. Hy matrikuleer in 1941 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool te Pretoria, en behaal daarna die grade BA (Regte) (1944) en LLB (1946) aan die Universiteit van Pretoria. Inmiddels (in 1944) is hy ingeskryf as kandidaat prokureur en het hy sy studies buitemuurs voltooi. In 1948 word hy toegelaat as advokaat. In sy vroeër jare as advokaat doseer hy deeltyds, onder meer in staatsreg. In 1965 word senior status aan hom toegeken.

In 1967 word hy die eerste keer as waarnemende regter in die Transvaalse Provinsiale Afdeling aangestel, waarna



Regter C F Eloff

hy ook vir vier verdere tydperke as waarnemende regter gedien het.

In 1969 word hy voorsitter van die Pretoriase Balieraad, en hy bly in die pos tot sy permanente aanstelling as regter in 1973. Op die Algemene Balieraad het hy homself onder meer beywer vir die daarstelling van die stelsel van pupilskappe wat in 1971 aanvaar is. Hy was by 'n paar geleenthede die Algemene Balieraad se afgevaardigde by vergaderings van die International Bar Association.

By twee geleenthede het hy kommissies van ondersoek by aanstelling deur die Staatspresident behartig. In 1983 word hy aangestel as voorsitter van die Regshulpraad van Suid-Afrika – 'n pos wat hy tot 1994 beklee het. Hy word vanaf 15 Maart 1991 as regter-president aangestel. Op sy inisiatief is die sogenaamde kommersiële hof onlangs in Johannesburg daargestel.

Sedert 1995 is hy president van Konvokasie by die Universiteit van Pretoria. In Desember 1996 is 'n ere-doktorsgraad in die regte aan hom toegeken deur dié Universiteit.

Sy belangstelling is onder meer in musiek en kuns. Hy was vir vyftien jaar voorsitter van die Kunsvereniging van Suid-Afrika (Transvaalstreek). Hy is lief vir reis en het talle oorsese lande besoek. In sy advokaatsdae het hy hom beywer in plaaslike bestuursaangeleenthede. As erkenning is die Frik Eloffpark in Lynnwood, Pretoria, na hom genoem.

'n Onderhoud met regter Eloff word in die Junie-uitgawe geplaas. – Redakteur

Prizes for contributions to *Consultus*

BUTTERWORTHS and ***JUTA*** award the following prizes for contributions to *Consultus*.

BUTTERWORTHS PRIZES

Butterworths offers the following annual prizes in 1999:

1 A prize for the article containing *the most useful and best motivated law reform proposal.*
2 A prize for the *best article on a practice orientated subject.*

Each prize will consist of R1 000 worth of Butterworths books, local or overseas, to be selected by the winners.

- A panel of advocates nominated by the editorial committee will consider contributions for the prizes and award the prizes.
- The decision of the panel will be final.
- Queries and correspondence should be addressed to: The Editor, *Consultus*, PO Box 12361, The Tramshed, 0126.

Tel: (012) 322-1511 x 2521; Fax: (012) 320-7911.

JUTA PRIZES

Juta offers the following annual prizes in 1999:

1 A prize for the *best contribution* to Consultus. **The prize winner will receive a cash prize of R1 000.**
2 A prize for the article which *best enhances the application of South African constitutional law.*
The prize will consist of either a year's subscription to the *South African Journal of Human Rights*; or a year's subscription to the *South African Law Journal* (*SALJ*); or a copy of a copy of the loose-leaf title *Constitutional Law of South Africa* by Chaskalson, Kentridge, Marcus, Spitz and Woolman with 2 revision services provided free of charge.

- A panel of advocates nominated by the editorial committee will consider contributions for the prizes and award the prizes.
- The decision of the panel will be final.
- Queries and correspondence should be addressed to: The Editor, *Consultus*, PO Box 12361, The Tramshed, 0126.

Tel: (012) 322-1511 x 2521; Fax: (012) 320-7911.